Beeld, Vrydag 26 September 2003




**Die Potch Trio bring vanaand en môreaand twee konserte na feesgangers op Aardklop. Hulle tree saam met die befaamde bariton Werner Nel op. Bo met die viool is Piet Koornhoff, Human Coetzee het die tjello en onder sit Albie van Schalkwyk, pianis.** Foto: ELISE TEMPELHOFF



**Werner Nel, bariton, wie se sangstem reeds in feitlik alle uithoeke van die wêreld gehoor is, sing vanaand en môreaand van sy gunsteling-liedere in twee konserte wat op Aardklop aangebied word.** Foto: ELISE TEMPELHOFF

# Potch Trio 'bring konserte na die mense toe'

Elise Tempelhoff

As kunstenaars leef hulle redelik geïsoleerd in Potchefstroom, maar dis dalk juis waar die uitdaging vir hulle lê: Hulle hou óf self konsert hier óf hulle bring 'n kunstenaar en sy konsert hierheen.

Só gesels prof. Werner Nel, hoogleraar aan die departement musiek aan die Potchefstroomse Universiteit.

Vanaand en môre-aand hou hy en die Potch Trio, prof. Albie van Schalkwyk (klavier), Piet Koornhof (viool) en Human Coetzee (tjello) by Aardklop konsert.

Kaartjies vir dié konsert, wat vanaand by die rektorswoning gehou word, is al op die eerste dag uitverkoop, sê me. Marguerite Robinson, programbestuurder van Aardklop.

Nel is sangleermeester en operasanger, maar by uitstek bekend as liedersanger. Dit is ook waar sy groot liefde lê, sê hy.

Hy is "mal oor" sy werk. Daarom is hy baie dankbaar vir die eregraad wat hy "vyf dae" gelede van die Puk ontvang het vir werk wat oor dekades gedoen is.

Maar Werner Nel is nie die middelpunt van ons gesprek nie. Hy dwaal telkens af van homself, van die internasionale pryse wat hy ontvang en konsertreise wat hy onderneem het, na sy studente en hul prestasies.

Van Schalkwyk sal Nel tydens die twee konserte begelei.

Van Schalkwyk is ook die pianis van die Potch Trio. Dié trio hou al sedert die jare 80 saam konsert.

Sedert Van Schalkwyk in 1997 'n pos as mede-professor aan die Universiteit van die Vrystaat aanvaar het, ry hy dikwels heen en weer tussen dié stad en Potchefstroom om saam met sy eertydse kollegas, nog albei aan die Puk se musiekdepartement verbonde, te oefen en konsert te hou.

"As 'n mens konsert wil hou, moet jy bereid wees om dit na die mense toe te bring," sê hy.

Koornhof sê hulle koester hul gehore, want die mense wat hul konserte bywoon is regtig daar omdat hulle dáár wil wees.

Die drie musikante is soliste in eie reg en hul eerste CD-opname van werke van Babadjanian en Vasks word binnekort uitgereik.

Die feesprogram sluit onder meer 'n uitvoering van die *Bybelse Liedere* van Dvorak en werke van Mendelsohn in.

Tydens die konsert word 'n glansboek oor die geskiedenis van die rektorshuis, wat in die Tudorstyl gebou is, ook oorhandig.

● Kaartjies is nog beskikbaar vir môreaand se konsert wat in die konservatorium aangebied word. Dié konsert begin 19:30 en kaartjies kos R55.